

Gelukkig as ek Treur
Jesus se geheime tot geluk (2) –
Matteus 5: 3-11 en Lukas 10: 25-37

Skriflesing en Prediking:

Matteus 5: 1-12 (ons teksvers is vers 4 – lees dit weer voor) en Lukas 10: 25-37

1.

Die uitspraak van Jesus wil ek vanoggend begin uitlê deur 'n vraag aan u te stel. Die vraag stel ek aan elkeen wat vanoggend hier is, maar ook veral aan die kinders.

Die vraag is:

- “Wat is 'n ouer ('n pa of ma) se grootste behoefte wanneer dit by hulle kinders kom?
- Wat is 'n ouer se hartsbegeerte wanneer hulle na 'n pasgebore babetjie kyk?
- Wat hoop 'n ma as haar kindjie vir die eerste keer skool toe gaan?
- Matrikuleer jou kind, trek jou kind uit die huis, trou daardie einste kind – wat is jou grootste vrees?”

Dit is 'n ietwat abstrakte, moeilike vraag. Is dit nie waar nie? En ons wonder wat dit te doen het met ons teksversie. Dit sal ons nog egter sien. Maar wat is julle antwoord op die vrae?

Daar is baie antwoorde op die vraag, en nie een is werklik verkeerd nie. Tog dink ek dat daar een antwoord is wat al die ander antwoorde insluit.

Kyk 'n ma of pa na 'n pasgebore babetjie is daardie ouers se grootste behoefte dat daar 'n **liefdevolle, noemenswaardige verhouding** tussen hulle sal wees. Slegs wanneer 'n verhouding tussen kinders en ouers bestaan kan daar liefde wees. Sonder 'n verhouding tussen kinders en hul ouers is liefde onmoontlik. 'n Verhouding tussen kind en ouer is die fondasie van 'n lewe saam met mekaar.

2.

Met die inleiding in gedagte wil ek nog so een of twee vrae aan u stel. Die antwoorde is voor-die-hand-liggend noudat ons na die voorbeeld geluister het. En u sal vind dat die antwoord keer op keer die selfde is.

Die vraag is: **Wat is God se doel met die mens? Waarom het hy ons geskape?**
En die antwoord is eenvoudig – **om in verhouding met God te lewe, ons Vader.**

Dink maar net aan die verhaal van **Adam en Eva**. In die eerste plek word die man en vrou in die lewe gebring om in verhouding met God te staan. En wanneer hulle die verhouding seer maak gaan God uit sy pad om die verhouding te herstel. Hy roep na hulle, hy soek hulle, terwyl hulle in skaamte skuil.

Blaai ons deur die Ou Testament is dit die oorkoepelende tema. Deurgaans wil God met die mens in verhouding staan. Daarom skep God 'n verbond met **Abraham**. En die besnydenis is juis die teken van die verhouding tussen God en die mens.

Dit in gedagte wil ek nog 'n vraag vanoggend vra. **Waarom het Jesus na die aarde gekom? Hoekom is Jesus gebore? Hoekom het hy 'n pad van lyding geloop wat aan die kruis geëindig het?**

Weereens is die antwoord die selfde.

- Deur Jesus se **koms na die aarde, sy sterwe en opstanding**, is die verhouding herstel wat die mens keer op keer vernietig.
- Deur Christus staan ek en jy in verhouding met God.
- Deur Christus is God 'n pa vir ons en ons sy kinders.
- Deur Christus word ons deel van God se huishouding, van Sy koninkryk.

Die brug word tussen God en die mens gebou **omdat God genadig is, en veral omdat hy lief is vir die mense wat Hy gekape het.**

Dit is 'n ongelooflike boodskap. Dit is die enigste boodskap.

Niks wat ek en jy doen kan die verhouding tussen God en die mens herstel nie. Dit is om soos vir die sterre te strek – nooit sal jy daarby kan uitkom nie. Nee,

God doen dit. **Hy kies die mens uit, Hy neem die eerste, grootste tree.** Hy gooi sy arms om ons deur Jesus Christus. Hy sê, hy fluister in die stilte van die nag “*jy is my kind, jy was dood, maar ek het jou terug, jy is myne, tot in alle ewigheid*”.

Die verhouding met God is nie net beskore vir sekere mense nie. Nee, almal kan in verhouding met God staan.

Al wat dit van ons vra is om die **hand te neem, deur die deur te loop, uit die varkhok op te staan.** ***Die enigste manier hoe dit kan plaasvind is deurdat ons met ons hele hart, en met hele verstand sal glo.*** Dat ons sal glo in God en in Jesus, en dat ons deur die opstanding in verhouding met God kan leef.

3.

Vir twee weke is ek al besig met die teksgedeeltes – met Jesus se bergrede en veral sy Saligsprekinge. En keer op keer stuit ek teen die basies vraag. **Hoe lyk ’n geseënde lewe?**

Die enigste antwoord waarmee ek vorendag kan kom, is dit:

- Geseënd is die wat in ’n **verhouding** met God leef.
- Geseënd is die wat **elke dag saam met God die lewenspad aandurf.**
- Geseënd is die wat **voor die aangesig van ons hemelse vader leef.**
- ’n Geseënde lewe is ’n lewe **met en saam en deur** God.
- Geseënd is **die wat deur God se liefde en genade leef.**

So verstaan kan die **man op die straat, die weduwee, die weeskind, die sieke en die bejaarde almal ’n geseënde lewe hê.** Want hulle is met God. Hoe wonderlik is dit nie? Al het jy nie veel nie, al het jy nie talent of iets om te roem, al beskik jy nie oor familie of vriende nie, kan jy ’n geseënde lewe hê. Al het jy niks nie, staan jy steeds in ’n verhouding met God. Dan is jy gelukkig. Dan kan jy ’n geseënde lewe lei.

Die teenoorgestelde is ook natuurlik waar. **Die man met alles, met rykdom en roem, met familie en vriende kan dan ongelukkig wees.** Al het hy alles, maar nie God nie, is hy nie geseën nie. Miskien is dit die rede hoekom so baie mense wat op

die oog af gelukkig lyk so hartseer diep in hul binneste is. Want daar is nie 'n verhouding met God nie.

4.

En weet u.

- Wanneer daar 'n verhouding tussen God en ons is,
- wanneer ons dit met ons julle hart glo,
- wanneer ons, as gevolg daarvan, in absolute afhanklikheid teenoor God leef,
- wanneer ons soos die verlore seun op ons knieë val en bely “*ek het teen God gesondig*,

dan gebeur iets ongelooflik met ons.

Lewe ons voor die aangesig van God (in verhouding met Hom), glo ons en bely ons ons absolute afhanklikheid teenoor God, **dan begin ons uit dankbaarheid anders doen, anders praat en anders kyk na die lewe.**

- Uit dankbaarheid wat Jesus vir jou en my gedoen het aan die kruis,
- uit dankbaarheid vir die genade en liefde wat ons ontvang,
- uit dankbaarheid vir die verhouding waarbinne ons met God staan lewe ons anders.

Ons daade en ons woorde lyk dan anders. **Dit word deur en deur gekenmerk deur die liefde. Die liefde vir ons self, vir mekaar, maar veral vir God is die wyse waarop ons dankie sê.**

En weet u gemeente: Ons woorde en daade behoort nie net anders te lyk nie. Nee, ons behoort ook met 'n **ander ingesteldheid te lewe teenoor onself en teenoor die wêreld.** Anders gestel, ons moet met **ander oë na die wêreld kyk.**

Jesus sê “geseënd is die wat treur, geseënd is die wat tranes op hul wange, geseënd is die wat hartseer is oor die gebroke wêreld”. Geseënd is die wat met 'n ander ingesteldheid na die wêreld om hulle kyk.

Om te treur verwys binne die konteks wat Jesus dit gebruik **nie na die smart wat ons beleef wanneer iemand sterf nie**. Dit verwys nie na die versteekte pyn agter ons oë wanneer ons die skerp byt van verlies aan ons lywe voel nie. Elkeen van ons weet dat lyding en smart en pyn opsigself nie goed is nie. Niemand wil 'n kind verloor nie. Die wat dit al ervaar is ook nie in daai oomblik gelukkig nie, allesbehalwe. In daai oomblik wens 'n mens die aarde sluk jou in.

Treur verwys in die konteks dus nie na 'n emosie nie, maar 'n manier van dink en van lewe.

- Dit beteken dat ons met **gevoel sal lewe, met empatie en simpatie** vir dit wat met ons en om ons gebeur.
- Dit beteken dat ons nie **afsydig en ongevoelig** sal wees nie.

5.

Ek dink ons sal die moeilike konsep beter verstaan **indien ons na twee voorbeelde kyk**. Die voorbeelde **is weereens gelykenisse**. Kyk ons daarna sal ons ook duidelik sien dat ons oor **twee verskillende dinge treur en ook moet treur**.

Die eerste gelykenis wat ek vir u wil voorhou is die van die **barmhartige samaritaan**. Ons lees die teksgedeelte saam. Lukas 10: 25-37. Die teksgedeelte is ook terselfdertyd ons wet vir vandag. Direk daarna sing ons lied 530: 1, 2 & 3. Hierin vra ons dat God ons sal liefde vir Hom en vir mekaar sal leer.

(25) Daar was 'n wetgeleerde wat aan Jesus 'n strikvraag wou stel. Hy staan toe op en vra: “Meneer, wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?” (26) Jesus sê vir hom: “Wat staan in die wet van Moses geskrywe? Wat lees jy daar?” (27) Hy antwoord: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself.” (28) “Jy het reg geantwoord,” sê Jesus vir hom. “Doen dit en jy sal die lewe verkry.” (29) Maar die wetgeleerde wou homself handhaaf en vra vir Jesus: “En wie is my naaste?” (30) Jesus gaan toe nader daarop in deur te sê: “Toe 'n man eenmaal op pad was van Jerusalem af na Jerigo toe, het rowers hom aangeval. Hulle het hom kaal uitgetrek en hom geslaan dat hy halfdood bly lê, en toe padgegee. (31) Dit gebeur

toe dat daar 'n priester met daardie pad langs kom, en toe hy hom sien, gaan hy ver langs verby. (32) Net so het daar ook 'n Leviet by die plek gekom, en toe hy hom sien, gaan hy ook ver langs verby. (33) Maar 'n Samaritaan wat op reis was, het op hom afgekom, en toe hy hom sien, het hy hom innig jammer gekry. (34) Hy het na hom toe gegaan, sy wonde met olie en wyn behandel en hulle verbind. Toe het hy hom op sy rydier gehelp en hom na 'n herberg toe geneem en hom daar verder versorg. (35) Die volgende dag haal hy twee muntstukke uit en gee dit aan die eienaar van die herberg en sê: 'Sorg vir hom, en as jy meer onkoste met hom het, sal ek jou betaal wanneer ek hierlangs terugkom.' (36) "Wie van hierdie drie is volgens jou die naaste van hom wat onder die rowers verval het?" (37) Die wetgeleerde antwoord: "Die man wat aan hom medelye bewys het." Toe sê Jesus vir hom: "Gaan maak jy ook so."

Antwoord: (sittend en onaangekondig)

Lied 530: 1, 2 & 3 (*Want geloof gee troos en rigting...*)

- 'n Man lê langs die pad – hy is gewond, hy is besig om te sterf. Eers loop die **priester** verby. Hy sien hom en hy gaan ver langs verby. Hy treur met ander woorde nie vir die man nie. Hy is ongevoelig, afsydig, apaties.
- Dan volg die **Leviet**. Soos die priester sien hy die verwonde man. En net soos die priester treur hy nie vir die man wat besig is om te sterf nie. Met harde ongevoelige oë kyk hy na die man in pyn. Met 'n versteende hart dink hy: "*hoekom moet ek 'n hand vir die man lig, hy is niemand van my nie.*"
- En dan volg die **samaritaan**. Hy sien die beseerde man. Maar waar die vorige twee nie vir 'n oomblik oor die situasie treur nie, **moet die man trane van sy wange afvee. Hy gaan na hom met empatie. Hy voel sy pyn en hy maak dit syne.** En dit stop nie net hier nie. Hierdie smart wat hy beleef ten opsigte van sy medemens dwing hom daaraan iets te doen. Hy laai hom op sy donkie, neem hom na 'n herberg en hy versorg vir hom. Hy troos hom.

Hieruit leer ons dat wanneer ons in 'n verhouding met God staan **treur ons oor ons medemens**. Ons treur oor hulle pyn en lyding en ons probeer om dit, so ver as moontlik, van hulle af weg te neem.

Met ander woorde. **Ons sien in die priester en Leviet se optrede dat hulle nie werklik in 'n verhouding met God staan nie – indien hulle in 'n lewende verhouding met God gestaan het sou hulle anders opgetree het..** Nie vir een oomblik treur hulle oor die gewonde man nie.

Die samaritaan, aan die ander kant, lewe in 'n verhouding met God, want hy treur, hy gee om, en hy doen iets daaraan.

En weet u? Mense kyk na jou en my, en hulle kan sien hoe ons verhouding met die Here lyk slegs deurdat hulle sien hoe ons met ander mense werk.

6.

So sien ons dat wanneer ons in verhouding met God staan ons in die **eerste plek oor ons medemens en ons verhouding met hulle moet treur.**

Maar waarom moet ons nog treur?

Weereens kyk ons na 'n gelykenis. Dit is die gelykenis waarna ons laasweek gekyk het. Die gelykenis van die **verlore seun**.

Daar in die varkhok besef hy dat hy teen God oortree het en sy pa se goeie naam geskend het. *Of anders gestel – daar tussen die varke treur hy oor sy optrede.* Hy treur oor dit wat sy verhouding met sy pa vernietig het. **Dit feit dat hy treur is die eerste tree na 'n herstelde verhouding met sy pa.**

Wanneer Jesus ons vertel dat ons moet treur sê hy aan ons dat ons in die spieël moet kyk. En ons moet ons self afvra wat ons verhouding met God beskadig.

- Van wat maak ons afgode.
- Beskadig my selfsug my verhouding met God.
- Wat van my geldgierigheid, my werk, my slegte vriende?

- Dan kan self iets so klein soos die tv of die rekenaar of my vermaak my verhouding met God beskadig.

Lewe ons in verhouding met God treur ons oor twee dinge. **Ons treur oor ons naaste, en ons treur oor dit wat afstand skep tussen God en myself.**

7.

Gemeente ek sluit af.

Die teks sê: *“Geseën is die wat treur. Want hulle sal vertroos word.”* Daar kon netsowel gestaan het:

<u>Die wat in verhouding met God staan is hartseer oor die pyn van hulle broers en susters, en hulle rou oor dit wat afstand bring tussen God en die mens.</u>

En dan volg ’n **ongelooflike belofte**. Die wat op hulle knieë gaan en berou het, wat treur oor hulle oortredings teenoor hulle medemens en teenoor God, **hulle sal vertroos word.**

Verstaan ons iets hiervan gemeente - dat ons uit dankbaarheid treur oor ’n sondige wêreld en oor ons sondige lewe – en ervaar ons iets van hierdie Goddelike troos wat God elke dag skenk, **sal ons nie ook meer langer skroom om God se hande en voete te wees nie.**

Kom ons gaan uit, kom ons vertroos ’n siek, hartseer wêreld met woord en daad. Kom ons vertroos die wêreld, net soos God ons elke dag vertroos.

Amen